

GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP)-VERSLAG

INHOUDSOPGAWE

1.	Inleiding	2
2.	Die projekplan	2
3.	Plaaslikeregeringsake se verantwoordelikhede tydens die projek	3
3.1	Opstel van projekplan	3
3.2	Opleiding	3
3.3	Bystand tydens die projek	4
4.	Deelname aan die projek	4
4.1	Totale deelname	8
4.2	Vergelyking tussen 2020/2021 en 2021/2022 – deelname aan die projek	8
4.3	Algemene kommentaar oor die deelname aan vanjaar se projek	8
5.	Probleme met die projek en voorstelle om die probleme aan te pak	9
5.1	Gehalte van dokumente	9
5.2	Die GOP-projek neem baie tyd in beslag	9
5.3	Deelname in sekere streke bly swak	9

1. Inleiding

AfriForum se plaaslikeregeringsake-afdeling het in April 2021 die jongste geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP)-projekplan aan al die distrikskoördineerders uitgestuur.

Hieronder is 'n kort bespreking waarom deelname aan die GOP-projek so belangrik is.

Tydens die opstel van die GOP moet die munisipale raad 'n openbaredeelnameproses volg. Tydens dié proses moet die raad die gemeenskap 'n geleentheid bied om al hul behoeftes aan ontwikkeling, verbetering van infrastruktuur, dienslewering en enige toepaslike munisipale kwessies aan die munisipaliteit te kommunikeer.

Aangesien die GOP so 'n groot invloed op die groei en bevordering van die gemeenskap het, is dit vir AfriForum belangrik om 'n rol te speel in die opstel daarvan. Ons verstaan die frustrasie van deelname aan openbare prosesse, maar moedig dit nogtans aan.

Versuim om deel te neem ontnem die gemeenskap van die reg om later bepalings en/of gapings in die GOP te identifiseer; owerhede sal dan kan aanvoer dat die gemeenskap nie die geleentheid om hul insette te gee gebruik het nie. 'n Proaktiewe benadering van vroegtydige insette vir beter dienslewering in die GOP stel die tak in staat om op sterk regsgronde staat te maak wanneer saakwaarneming later op selfdoenprojekte uitloop.

Die doel van hierdie verslag is om:

- » finale deelname aan die projek deur te gee;
- » positiewe punte van die projek uit te wys;
- » negatiewe punte van die projek uit te wys; en
- » maniere waarop ons dit sal verbeter, te bespreek.

2. Die projekplan

Die tydlyn vir die projekplan was:

	Taak	Datum	Verantwoordelike persoon
1.	Plan word uitgestuur aan koördineerders en taklede.	5 April	Plaaslikeregeringspersoneellid (PRP)
2.	Taklede doen die opname (bystand vanaf PRP en koördineerders).	6–30 April	Taklede en koördineerders
3.	Alle dokumente moet teruggestuur word aan die PRP (deidre.steffens@afriforum.co.za).	3–4 Mei	Taklede en koördineerders
4.	Finale dokumente word aan die munisipaliteit gestuur.	10–14 Mei	Taklede en koördineerders

Die projekplan is aan die volgende persone gestuur:

- » Corné Cronjé (hoof van Gemeenskapstrukture)
- » Streekshoofde
 - Deon de Jager (suidstreek)
 - Marié Naudé (noordstreek)
 - Jaco Grobbelaar (sentraalstreek)
- » Distrikskoördineerders

Die projekplan is vorige jare ook aan al die takvoorsitters en plaaslikeregeringsake-portefeuljehouers gestuur. Ons het egter bevind dat ons stelsels nie altyd die regte e-posadresse vir die toepaslike taklede het nie en gevolglik het talle van hulle dit nie ontvang nie. Dít was een van die redes waarom daar nie gepaste deelname aan die projek was nie. Ons het dus hierdie jaar besluit om die projekplan slegs aan bogenoemde hoofkantoorpersoneel te stuur en hulle versoek dat hulle dit self aan die toepaslike takvoorsitters en plaaslikeregeringsakeportefeuljehouers sal stuur aangesien die distrikskoördineerders oor die regte kontakbesonderhede van die takvoorsitters en plaaslikeregeringsakeportefeuljehouers beskik.

3. Plaaslikeregeringsake se verantwoordelikhede tydens die projek

3.1. Opstel van projekplan

Plaaslikeregeringsake het in 2020 die formaat van die projekplan effens verander en vereenvoudig in vergelyking met die projekplanne van 2017–2019.

Ons het vanjaar die projekplan se datum, asook die nodige skrywes wat in die GOP-dokument gebruik moet word, opdateer.

Die projekplan in sy nuwe formaat het die volgende inligting weergegee:

- Wat is die GOP?
- Waarom moet takke hieraan deelneem?
- Die projekplan.
- Stap-vir-stap-instruksies wat takke moet volg om kommentaar op te stel.
- Lys van munisipale dienste.
- 'n Volledige voorbeeld van hoe kommentaar moet lyk.
- 'n Templet wat takke kon gebruik om die dokument op te stel.

3.2. Opleiding

Plaaslikeregeringsake het in Maart twee opleidingsessies aangebied ter voorbereiding vir die GOP-projek.

Die eerste opleidingsessie is op 9 Maart 2021 via Microsoft Teams gehou. Die volgende punte is bespreek:

- a. Wat wil ons in ons dorpe bereik?
- b. Hoe kan ons die drie fokuspunte bereik?
- c. Watter inligting het jy nodig?
- d. Wat is die GOP?

Die tweede opleidingsessie het op 18 Maart 2021 tydens administrasieweek by hoofkantoor plaasgevind. Hierdie sessie was meer prakties van aard en elke distrikskoördineerder moes 'n GOP-dokument van een van hul takke aflaai.

Die sessie het die volgende behels:

- a. Morné Mostert, AfriForum se bestuurder vir Plaaslikeregeringsake, het die distrikskoördineerders aan die webtuiste **www.municipalmoney.gov.za** bekend gestel en verduidelik watter inligting die koördineerders daarop kan gebruik met betrekking tot munisipaliteite se begroting.

- b. Hoe om die GOP te lees, belangrike inligting te soek en die Ctrl+F-funksie te gebruik.
- c. Elke distrikskoördineerder moes 'n diens van een van hul betrokke munisipaliteite identifiseer wat problematies is. Daarna moes hulle meer inligting daaroor in die GOP soek en kortliks noem wat hulle kommentaar sou wees vir die GOP-deelname.

Teen die einde van hierdie opleidingsessie het al die distrikskoördineerders saamgestem dat hulle meer gemaklik voel om kommentaar oor munisipaliteite se GOP-dokumente te skryf.

3.3. Bystand tydens die projek

Plaaslikeregeringsake was tydens die verloop van die projek deurlopend beskikbaar om taklede en distrikskoördineerders se navrae te hanteer en hulle te help waar nodig.

4. Deelname aan die projek

Suidstreek
Arno Greyling – Suid- en Oos-Kaap (5)
George – George Plaaslike Munisipaliteit
Mosselbaai – Mosselbaai Plaaslike Munisipaliteit
Stilbaai – Hessekwa Plaaslike Munisipaliteit
Robertson – Langeberg Plaaslike Munisipaliteit
Port Elizabeth – Nelson Mandelabaai Metropolitaanse Munisipaliteit
Johardt van Heerden – Boland (4)
Kraaifontein – Kraaifontein Plaaslike Munisipaliteit
Kaapstad-Noord – Stad Kaapstad Metropolitaanse Munisipaliteit
Helderbergkom – Stad Kaapstad Metropolitaanse Munisipaliteit
Overstrand – Overstrand Plaaslike Munisipaliteit
Lize-Mari Smit – Karoo (5)
Kimberley – Sol Plaatje Plaaslike Munisipaliteit
Warrenton – Magareng Plaaslike Munisipaliteit
Douglas – Siyancuma Plaaslike Munisipaliteit
Hopetown – Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit
Vaalharts – Phokwane Plaaslike Munisipaliteit

Werner Strauss – Kalahari (0)
Sentraalstreek
Alta Pretorius – Mooirivier (6)
Potchefstroom – JB Marks Plaaslike Munisipaliteit
Ventersdorp – JB Marks Plaaslike Munisipaliteit
Sasolburg – Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit
Bothaville – Nala Plaaslike Munisipaliteit
Heilbron – Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit
Wolmaransstad – Maquassi Hills Plaaslike Munisipaliteit
Chris Morgan – Hoogland (0)
Christo Groenewald – Rosestad (0)
Eugene van Aswegen – KwaZulu-Natal (1)
Utrecht – eMadlangeni Plaaslike Munisipaliteit
Gerhard Nieuwoudt – Stellaland (2)
Vryburg – Naledi Plaaslike Munisipaliteit
Hertzogville – Tokologo Plaaslike Munisipaliteit
Petrus Coetzee – Marico (5)
Lichtenburg – Ditsobotla Plaaslike Munisipaliteit
Koster-Swartruggens – Kgetlengrivier Plaaslike Munisipaliteit
Rustenburg – Rustenburg Plaaslike Munisipaliteit
Brits-Hartbeespoort-Mooinooi – Madibeng Plaaslike Munisipaliteit
Zeerust – Ramotshere Moiloa Plaaslike Munisipaliteit

Noordstreek
Stefanus (Butch) Blignault – Wes-Rand (2)
Vanderbijlpark-Vereeniging – Emfuleni Plaaslike Munisipaliteit
Krugersdorp – Mogale City Plaaslike Munisipaliteit
Bronwen Pretorius – Hoëveld (3)
Standerton – Lekwa Plaaslike Munisipaliteit
Middelburg – Steve Tshwete Plaaslike Munisipaliteit
Secunda – Govan Mbeki Plaaslike Munisipaliteit
Dewet Ungerer – Oos-Rand (1)
Stad Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit
Edenvale
Kempton Park
Springs
Germiston
Alberton
Benoni
Boksburg
Brakpan
Hennie Bekker – Laeveld (5)
Bethal – Govan Mbeki Plaaslike Munisipaliteit
Lydenburg – Thaba Chweu Plaaslike Munisipaliteit
Nelspruit – Mbombela Plaaslike Munisipaliteit
Witrivier – Mbombela Plaaslike Munisipaliteit
Belfast – Emakhazeni Plaaslike Munisipaliteit
Jp Nel en Sampie Steinberg – Groter Pretoria-Suid en -Noord (1)
Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit


Moreletapark
Hennopsrivier
Pretoria-Wes
Rayton-Cullinan
Bronkhorstspuit
Waterkloof
Apiesrivier
Moot-Waverley
Centurion
Wes-Moot
Magdel Strauss – Limpopo (12)
Ellisras – Lephalale Plaaslike Munisipaliteit
Grobblersdal – Elias Motsoaledi Plaaslike Munisipaliteit
Hoedspruit – Maruleng Plaaslike Munisipaliteit
Marble Hall – Ephraim Mogale Plaaslike Munisipaliteit
Messina – Musina Plaaslike Munisipaliteit
Naboomspruit – Mookgophong Plaaslike Munisipaliteit
Nylstroom – Modimolle Plaaslike Munisipaliteit
Phalaborwa – Ba-Phalaborwa Plaaslike Munisipaliteit
Pietersburg – Polokwane Plaaslike Munisipaliteit
Thabazimbi – Thabazimbi Plaaslike Munisipaliteit
Tzaneen – Groter Tzaneen Plaaslike Munisipaliteit
Warmbad – Bela-Bela Plaaslike Munisipaliteit

4.1. Totale deelname

Takke	73
Dokumente	51
Munisipaliteite	50
Koördineerders	14/17

4.2. Vergelyking tussen 2020/2021 en 2021/2022 – deelname aan die projek

	2020/2021	2021/2022
Takke	55	73
Dokumente	26	51
Munisipaliteite	26	50
Koördineerders	12/15	14/17



4.3. Algemene kommentaar oor die deelname aan vanjaar se projek

Die deelname aan vanjaar se projek het heelwat verbeter in vergelyking met verlede jaar se deelname. Een van die redes hiervoor is moontlik omdat talle van die distrikskoördineerders die dokumente wat Plaaslikeregeringsake voorheen opgestel het, kon gebruik en slegs opdateer. Dit het vir die distrikskoördineerders meer tyd gegee om dokumente vir ander takke op te stel of om die deelname van die takke dieselfde te hou. Die negatiewe kant van die gebruik van bestaande dokumente is dat van die distrikskoördineerders geen veranderings, verbeterings of ekstra inligting by die dokumente bygewerk het nie.

Die doel van die bestaande dokumente was om dit te gebruik en daarop voort te bou.

Tydens die 2019/2020 GOP-projek kon streekshoofde die distrikskoördineerders ongelukkig nie bystaan en monitor nie. Hoewel die streekshoofde reeds aangestel is voor die aanvang van die 2020/2021-projek dink ek dat hulle steeds hulle voete gevind het in hulle nuwe rol. Dit wil voorkom asof die streekshoofde vanjaar baie leiding en bystand aan die distrikskoördineerders gebied het en hulle ook gemotiveer het, wat natuurlik bygedra het tot beter deelname aan die projek.

Die praktiese opleidingsessie wat Plaaslikeregeringsake vroeër vanjaar aangebied het, het ook 'n duideliker prentjie vir die distrikskoördineerders geskets oor hoe om met die dokumente te werk te gaan en wat die waarde daarvan is. Die distrikskoördineerders het die rol van die GOP beter verstaan, asook wat van hulle verwag word en kon gevolglik tot die verbeterde deelname bydra.

Magdel Strauss se deelname

Magdel is die enigste distrikskoördineerder wat dokumente vir al haar takke opgestel het, terwyl hierdie dokumente ook van 'n baie hoë gehalte was. Magdel is middel 2020 aangestel en het dus vanjaar vir die eerste keer aan hierdie projek deelgeneem. Daar was geen bestaande dokumente vir enige van Magdel se takke nie; sy moes dus alles van voor af opstel.

5. Probleme met die projek en voorstelle om die probleme aan te pak

5.1 Gehalte van dokumente

Die GOP-dokumente was steeds baie onvolledig. Die omvang van die probleem in terme van dienslewering is nie behoorlik verduidelik nie. Die areas waar die probleme ondervind word, is ook nie duidelik uiteengesit nie. In baie gevalle is moontlike oplossings ook nie bespreek nie.

Plaaslikeregeringsake sal die projekplan volgende jaar baie vroeër uitstuur, wat die distrikskoördineerders meer tyd sal gee om die dokumente op te stel. Die probleem met langer tydperke is egter dat mense geneig is om steeds uit te stel tot op die laaste nippertjie. Ons sal dus deur die loop van die projek gereeld 'n tydlyn uitstuur om die distrikskoördineerders te herinner aan die hoeveelheid dae wat nog tot hul beskikking is om die projek af te handel.

'n Ander manier om die gehalte van dokumente te monitor is om distrikskoördineerders meer tyd te gun om dokumente aan te vul nadat Plaaslikeregeringsake kommentaar daarop gelewer het. Plaaslikeregeringsake sal dus aanstaande jaar ook heelwat strenger wees wanneer die dokumente nagegaan word.

Indien die streekshoofde ook deur die dokumente werk, sal hulle ook kan help met die gehaltebeheer daarvan.

5.2 Die GOP-projek neem baie tyd in beslag

Wanneer die GOP-projek met Gemeenskapsake se ander projekte soos byvoorbeeld die vullisterreinoudit vergelyk word, neem dit baie langer omdat feite bymekaar gekry moet word, areas geïdentifiseer moet word en die dokument natuurlik opgestel moet word.

'n Moontlike manier om die distrikskoördineerders hiermee te help is om gebruik te maak van PictoTask, 'n toep wat 'n stelsel gebruik wat behels dat gebruikers daarvan foto's neem en kortliks kommentaar skryf, waarna die inligting netjies in 'n dokument gegroepeer word. Die stelsel word ook gewitmerk, wat beteken dat ons die formaat van die dokument self kan ontwerp deur dit byvoorbeeld op die AfriForum-briefhoof te plaas.

Nóg 'n manier om die distrikskoördineerders te help is moontlike samewerking tussen Plaaslikeregeringsake en Frik Dreyer, AfriForum se hoof van Bedryfsake. Frik kan Plaaslikeregeringsake moontlik help met die ontwerp van 'n stelsel om die projekplan vir die distrikskoördineerders te vergemaklik.

5.3 Deelname in sekere streke bly swak

Sommige distrikskoördineerders het in die laaste twee jaar geensins aan die projek deelgeneem nie.

